AFRIKAANS EERSTE TAAL HG VRAESTEL 1

Vraag 1
Heelwat kandidate weet nie wat die vereistes vir ‘n volsin is nie. Ook het ‘n groot aantal kandidate dit moeilik gevind om vraag 1.1 tot 1.6 in een sin te beantwoord. By vraag 1.7 tot 1.11 het heelwat kandidate nie die voorskrifte vir “twee woorde” en “twee agtereenvolgende woorde” nagekom nie.

Vraag 2
Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Min kandidate kon egter die doel van ‘n bepaalde tegniek in ‘n advertensie verduidelik (vraag 2.5) of die woordspeling in die advertensie identifiseer (vraag 2.7).

Vraag 3
Oor die algemeen is vraag 3.1 redelik goed beantwoord. Sommige kandidate sukkel om met begrip te lees en kernfeite te identifiseer. Telegramstyl en die nie-nakoming van die "volsinne"-opdrag bly ‘n probleem. Heelwat kandidate het by vraag 3.2 punte verbeur omdat hulle die voorskrif van “slegs twee sinne” verontagsaam het.

Vraag 4
Kandidate wat oor ‘n toereikende woordeskat beskik, het hier beter gevaar. Die meeste kandidate het egter vasgeval by die figuurlike gebruik van “droogggemaak”, die verklarings vir “gisting” en “gissing” en die intensiewe vorm van “droog”. Uiters min kandidate kon die vraag oor lydende en bedrywende vorm korrek beantwoord.

Vraag 5
Hierdie vraag is swak beantwoord. Die idiomatiese uitdrukking “die loef afsteek” is aan die meeste kandidate onbekend en selfs die vraag oor die letternaam EU wat gereeld in die koerante verskyn, is swak beantwoord.

Vraag 6
Die meeste kandidate het hier uiters swak gevaar. Dit is ontstellend dat kandidate sukkel met basiese taalaspekte soos die aanduiding van klem en die meervoudsvorm. Gebrekkige woordeskat het heelwat kandidate hier benadeel. Min leerders ken die woord “megafoon” en die betekenis van die woord “arts”.

Vraag 7
Hierdie vraag is oor die algemeen swak beantwoord. Heelwat kandidate het gesukkel met die Idiomatiese benaming en die ontkennende vorm.

Vraag 8
Dit is verblydend dat heelwat meer kandidate goed gevaar het in hierdie vraag. Spelling en leestekens bly egter ‘n groot probleem. Baie kandidate het punte verbeur omdat hulle nie die opdrag by elke vraag korrek uitgevoer het nie.